higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3

(3011013)

20 November 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en ‘n antwoordboek van 19 bladsye.

308Q1N2420

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
FINANSIËLE BESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Toon alle berekenings om punte te verdien.
5. Gebruik slegs blou of swart ink.
6. Skryf netjies en leesbaar.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	AANBEVOLE TYDSRIGLYN
AFDELING A			
1	Meerkeuse	10	9 minute
2	Pas die kolomme	10	9 minute
3	Waar of onwaar	10	9 minute
4	Vul die ontbrekende woorde in	10	9 minute
AFDELING B			
5	Bereken en teken transaksies op met belasting op toegevoegde waarde	40	36 minute
6	Salarisjoernaal Kleinkasstelsel	20 20	18 minute 18 minute
7	Bankrekonsiliasie	40	36 minute
8	Administrasie van niebedryfsbates Krediteurekontrole	30 10	26 minute 10 minute
	TOTAAL	**200**	**180 minute**

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer

1.1 Ingevolge die … stelsel, vra die kleinkaskassier kontant aan van die gemagtigde persoon wat in beheer is wanneer geld benodig word.

A voorskot-
B kontantuitvloei-
C wisselendesaldo-
D kleinkasinvloei-

1.2 Die … is ‘n boek van eerste inskrywing waarin alle kontanttransaksies ingeskryf word.

A debiteurejoernaal
B krediteurejoernaal
C algemene joernaal
D kasboek

1.3 Die BTW-inklusiewe bedrag vir R4 320, BTW uitgesluit, is …

A R648.
B R4 968.
C R5 560,20.
D R3 756,52.

1.4 ‘n Kleinkasbewys is ‘n … dokument en word in duplikaat voltooi.

A interne
B stawende
C eksterne
D eksklusiewe

1.5 Wanneer ‘n onderneming ‘n bate vir meer as die drawaarde verkoop, is daar ‘n … op die verkoop van die bate.

A verlies
B gelykbreek
C wins
D vervanging

Kopiereg voorbehou

1.6 … is klante van ‘n onderneming wat fakture ontvang het vir goedere en dienste wat op krediet aan hulle verskaf is.

A Krediteure
B Debiteure
C Verskaffers
D Kontantkopers

1.7 Die volgende is NIE ‘n voorbeeld van BTW-vrygestelde lewerings nie.

A Finansiële dienste
B Openbare-onderwysdienste
C Rou groente en vrugte
D Vakbondregistrasiegeld

1.8 Die proses om syfers uit rekeningkundige rekords met dié op ‘n bankstaat te vergelyk, word ‘n … genoem.

A debiteure-rekonsiliasie
B teenstrydigheid
C krediteure-rekonsiliasie
D bankrekonsiliasie

1.9 ‘n Lys van uitstaande saldo’s van verskaffers word voltooi deur die … te gebruik.

A algemene grootboek
B krediteuregrootboek
C debiteurekortingsjoernaal
D debiteuregrootboek

1.10 ‘n Kategorie A- en B-handelaar sal … ‘n BTW-opgawe-remise moet indien.

A elke twee maande
B elke maand
C jaarliks
D elke ses maande

(10 × 1) **[10]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 2

Kies 'n item/term/beskrywing uit KOLOM B om by 'n item/term/beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–M) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
2.1	Normale loon plus oortyd	A	werkloosheidsversekeringsfonds
2.2	'n Formele belastingverslag wat aan die SAID gestuur word	B	belasbare inkomste
2.3	Brondokument wat gebruik word om transaksies in die kleinkasjoernaal in te skryf	C	eksklusiewe bedrag x 15/100
2.4	Word van die faktuurprys afgetrek voordat BTW van 15% bereken word	D	kleinkasbewys
		E	ongunstige banksaldo
2.5	'n Dokument wat aan die einde van elke maand aan 'n rekeninghouer gestuur word	F	inklusiewe bedrag x 15/115
2.6	Die fonds wat werknemers help as hulle hul werk verloor of met kraamverlof gaan	G	bruto loon
2.7	Die persoon in beheer van die kleinkas	H	handelsafslag
2.8	'n Onderneming het meer geld onttrek as wat dit in sy rekening gedeponeer het	I	kleinkas-kassier
		J	BTW-opgawe
2.9	Die waarde van 'n bate word deur sy nuttige lewensduur gedeel om depresiasie te bereken	K	dalendesaldo-metode
2.10	Die formule vir die berekening van BTW *voordat* dit bygetel word om die verkoopprys te verkry	L	bankstaat
		M	reguitlynmetode

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

3.1 Betaling vir lone word nie individueel in die kontantbetalingsjoernaal ingeskryf nie, maar een bedrag vir 'krediteure vir lone' word ingeskryf.

3.2 Wanneer die voorskotstelsel vir kontant gebruik word, wissel die kleinkas-saldo van die een maand tot die volgende.

Kopiereg voorbehou

3.3 Die koers van belasting op toegevoegde waarde in Suid-Afrika is tans 15%.

3.4 Debiteure- en krediteurerekonsiliasie is ‘n beheerstelsel en word gedoen om die geldigheid van inligting te verseker.

3.5 Vrygestelde lewerings is nie aan BTW onderhewig nie, en handelaars kan dus nie dit van die SAID terugeis nie.

3.6 Die eindsaldo op ‘n bankstaat is hetsy ‘n positiewe of negatiewe bedrag op die laaste dag van die maand.

3.7 Belasting op toegevoegde waarde is ‘n direkte belastingstelsel.

3.8 Die kleinkasbewysnommers word deur die kleinkas-kassier gebruik om die transaksies in die kontantbetalingsjoernaal in te skryf.

3.9 Insetbelasting wat op uitgawes soos voedsel en drank vir persoonlike gebruik betaal word, kan van die SAID teruggeëis word.

3.10 Wanneer ‘n onderneming goedere en dienste verkoop, moet die faktuur noem of die transaksie BTW in- of uitsluit.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sin of sinne/paragraaf of paragrawe deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 … BTW is wat ‘n onderneming betaal op die goedere en dienste wat dit van verskaffers ontvang.

4.2 … is gelde wat op die bankstaat afgetrek word vir dienste wat deur die bank gelewer word.

4.3 Die … betaal uitsetbelasting op goedere en dienste gelewer.

4.4 ‘n Kleinkas-aanvraagvorm moet deur iemand in bevel … word voordat kontant vir die betaling van ‘n aankoop oorhandig word.

4.5 ‘n Persoon of onderneming wat vir BTW geregistreer het, word ‘n … genoem.

4.6 ‘n Kredietbedrag op die bankstaat moet in die onderneming se … ingeskryf word.

4.7 Die totale maandelikse vergoeding voor aftrekkings gedoen word, word die … salaris genoem.

4.8 Deposito’s in transito moet na die saldo op die bankstaat … word.

Kopiereg voorbehou

4.9 ‘n Belastingtydperk eindig altyd op die laaste dag van die maand; die sperdatum vir ‘n BTW-opgawe is dus op die … van die maand wat op die einde van die belastingtydperk volg.

4.10 Alle kredietaankope van voorraad vir die onderneming word in die … joernaal ingeskryf. **[10]**

(10 × 1)

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

All Else Stores is ‘n geregistreerde BTW-handelaar. BTW word teen 15% op die faktuurbasis opgeteken. Die onderneming verkoop goedere teen 50% wins op die kosprys. Kontant ontvang word op dieselfde dag gedeponeer.

LET WEL: All Else Stores gebruik nie afsonderlike BTW-inset en -uitsetrekeninge nie, maar boek direk na die BTW-kontrolerekening oor.
ALLE bedrae sluit BTW *in.*

<u>TRANSAKSIES</u>:

2023 Augustus	01	Kontantverkope volgens kasregisterrol, CRR1, R1 963.
	05	Skryfbehoeftes by PNA gekoop en elektronies betaal, EFT1, ten bedrae van R444.
	12	Onderdele op krediet by Little Garage gekoop om die afleweringsvoertuig te herstel, vir R748,70. Hernommer die faktuur ontvang na AES01.
	15	Betaal via EFT2 die bedrag van R2 729,40 aan die plaaslike munisipaliteit vir water en elektrisiteit.
	17	Ontvang R1 750 van T. Wethu, ter vereffening van sy rekening van R1 800. Reik kwitansie no. 07 uit.
	19	Koop handelsvoorraad by Bakwena Traders op krediet vir R12 090. (Hernommer die faktuur.)
	23	Verkoop handelsware aan S. Pillay vir R14 450. Kredietbelastingfaktuur no. T01 is uitgereik.
	25	Kontantverkope volgens kasregisterrol, CRR2, R13 420,45.
	27	Stuur beskadigde goedere terug wat by Bakwena Traders gekoop is op 19 Augustus 2023 vir R3 200 met ‘n debietnota DN41.

Kopiereg voorbehou

29 Koop handelsvoorraad vir R17 364 en toerusting vir R4 566 by Reeva Suppliers en betaal per EFT3.

30 S. Pillay stuur beskadigde goedere ter waarde van R3 000 terug. Reik kredietnota CN01 uit.

GEVRA:

5.1 Teken die bogenoemde transaksies in die toepaslike joernale op (5.1.1–5.1.6) in die ANTWOORDBOEK vir Augustus 2023. Tel slegs die BTW-kolomme in al die joernale aan die einde van die maand op. (30)

5.2 Boek slegs na die BTW-kontrolerekening in die algemene grootboek oor. Balanseer die rekening aan die einde van die maand. (8)

5.3 Is die bedrag in die BTW-kontrolerekening verskuldig aan SAID, of deur SAID terugbetaalbaar? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)
[40]

VRAAG 6

6.1 Lucky Graza en Leon Modi is werknemers van Parent City Printers wat albei maandeliks betaal word.

GEVRA:
Gebruik die werknemerbesonderhede en die personeelbeleid om die salarisjoernaal vir Augustus 2023 te voltooi. (20)

LET WEL: Rond alle syfers af tot die *naaste rand*.
Moenie die joernaal aan die einde van die maand afsluit nie, aangesien geen oorboeking nodig is nie.

Werknemerbesonderhede:
*Mev L. Graza (36 jaar oud) is 'n enkelma met twee skoolgaande kinders. Haar bruto salaris is R21 000 p.m.

*Mnr L. Modi (21 jaar oud) is 'n enkellopende man met geen afhanklikes nie, en kry 'n bruto salaris van R15 500 p.m.

Maandelikse werknemeraftrekkings:
Pensioenfonds: 7.5% van basiese salaris
WVF: Soos ingevolge wetgewing
LBS: 18% van belasbare inkomste
Medies: Die *maandelikse* ledegeld is:
Hooflid/werknemer: R600 p.m.
Eggenoot/volwasse afhanklike: R800 p.m.
Per kind: R400 p.m.

LET WEL: Werknemers betaal slegs 30% van die bogenoemde mediese ledegeld.

Maandelikse werkgewerbydraes:
Pensioenfonds: 9% van die basiese/normale salaris
WVF: 1% van die basiese salaris
Mediese fonds: 70% van die werknemer se totale mediese fonds

6.2 Die eienaar van College Traders gebruik die voorskotstelsel vir die onderneming se los kontant. Die transaksies hier onder moet vir Augustus 2023 ingeskryf word.

Addisionele inligting: 'n Voorskotbedrag van R1 400 is gebruik. Die saldo op die eerste dag van die maand was R170. Die voorskotbedrag is op dieselfde dag reeds herstel.

LET WEL: Alle bedrae sluit BTW *uit*.

Transaksies: Augustus 2023

02 Stuur 'n pakkie per pos deur PostNet, vir R209, bewys no. 1.

05 Koop gtee, koffie en melk vir kantoorgebruik by Clippies Stores, R317, bewys no. 2.

09 Betaal R300 aan die plaaslike voedingskema as skenking, bewys no. 3.

17 Betaal R140 aan CAN vir A4-koeverte, bewys no. 4.

25 Betaal R189 aan SPAR vir skottelgoedwassertablette vir die kantoor se skottelgoedwasser, bewys no. 5.

27 Die eienaar onttrek R35 om die naweekkoerant te koop, bewys no. 6.

GEVRA:

Skryf die transaksies in College Traders se kleinkasboek in en balanseer die kasboek aan die einde van die maand. Herstel die voorskotbedrag. (20)
[40]

VRAAG 7

7.1 Gebruik die inligting wat hier onder voorsien word soos op 31 Augustus 2023 en voltooi die volgende:

7.1.1 Snap Snax se kontantontvangstejoernaal (10)

7.1.2 Snap Snax se kontantbetalingsjoernaal (12)

7.1.3 Die bankrekening in die algemene grootboek (5)

7.1.4 Die bankrekonsiliasiestaat (8)

Op 31 Augustus 2023 het ‘n vergelyking van die bankstaat van WELLFARE BANK en die kontantjoernale van Snap Snax die volgende getoon:

Die bankrekening het ‘n gunstige saldo van R17 190 aan die begin van die maand getoon.

Die bankstaat het ‘n gunstige saldo van R18 904 aan die einde van die maand getoon.

Die totaal van die kontantontvangstejoernaal op 31 Augustus 2023 is R17 420 in die bankkolom.

Die kontantbetalingsjoernaal het op 31 Augustus betalings van ‘n totale bedrag van R14 025 getoon.

‘n Deposito van R4 403 wat in die kontantontvangstejoernaal ingeskryf is, word nie op die bankstaat aangetoon nie.

Die volgende tjeks is uitgereik, maar is nog nie vir betalings aangebied nie:

No. 211: R 790
No. 424: R3 420
No. 431: R1 218

‘n Stoporder van R1 500 vir versekering ten gunste van Mobile Insurers vir die afleweringsvoertuig verskyn op die bankstaat.

Debiteur S. Yorkie betaal sy rekening deur R1 800 direk in die onderneming se bankrekening te deponeer.

Tjek no. 211 is op 30 Januarie 2023 aan die DBV as ‘n skenking uitgereik, maar moet nou gekanselleer word.

‘n Krediet van R2 488 verskyn op die bankstaat, maar was in werklikheid bedoel vir die rekening van Super Snacks, nie Snap Snax.

‘n Tjek van R2 040 wat van debiteur, L. Randell ontvang is, is deur die bank teruggestuur gemerk as V/T. Hierdie tjek is ter volle vereffening van sy rekening ontvang.

Rente van R281 op die kredietbanksaldo verskyn op die bankstaat.

Die bank het diensgeld van R135 op Snap Snax gehef.

‘n Deposito van R1 500 verskyn korrek op die bankstaat, maar is in die kontantontvangstejoernaal as R5 100 ingeskryf. Die deposito was van ‘n debiteur, M. Madhi, wat sy rekening vereffen het.

Kopiereg voorbehou

7.2 Die volgende transaksies is uitgelaat uit die boeke van VenDet Stores vir Augustus 2023:

(a) 'n Betaling van R600 van debiteur P. Nkosi is deur die bank teruggestuur, gemerk as V/T.
(b) 'n Krediteur, AB Suppliers, het rente van R173 op VenDet Stores se agterstallige rekening gehef.

GEVRA:

Skryf die transaksies hier bo in VenDet Stores se algemene joernaal in. MOET NIE die joernaal aan die einde van die maand balanseer nie. (5)
[40]

VRAAG 8

8.1 Op 30 Junie 2023, het Sanco Traders 'n ou Toyota-afleweringsvoertuig, registrasienommer CS 428 GP, aan Thuli Nladi verkoop vir R167 420 kontant.

Die kosprys van die voertuig was R264 000. Die voertuig is op 1 Januarie 2021, die eerste dag van die finansiële jaar, op krediet by GP Moto Traders gekoop..

Depresiasie word bereken teen 15% p.j. op die dalendesaldo-metode.

GEVRA:

Gebruik die inligting hier bo om die bateregister van Sanco Traders tot op datum van die verkoopstransaksie in die ANTWOORDBOEK te voltooi. (20)

8.2 Die volgende inligting het in Sanco Traders se boeke verskyn vir die finansiële jaar geëindig 31 Desember 2023.

Die onderneming se boeke het die volgende saldo's aan die einde van die finansiële jaar getoon:

Toerusting	R72 430
Opgelope depresiasie op toerusting	R18 344

Op 31 Desember 2023 het die onderneming 'n fotostaatmasjien vir R21 650 kontant aan PC Printers verkoop. Die kosprys van die item was R28 900 en die opgelope depresiasie ten tyde van die verkoopstransaksie was R12 230.

GEVRA:
Gebruik die inligting hier bo om die volgende rekeninge te voltooi ten einde te bepaal of die onderneming 'n wins of verlies op die verkoop van die fotostaatmasjien gemaak het:

8.2.1 Toerusting (3)

8.2.2 Opgelope depresiasie: toerusting (3)

8.2.3 Batebeskikking (4)

LET WEL: Balanseer die rekeninge aan die einde van die finansiële jaar.

8.3 Die volgende krediteurekontrolerekening in die algemene grootboek van TF Traders is deur ‘n onervare boekhouer oorgeboek en gebalanseer:

ALGEMENE GROOTBOEK VAN TF TRADERS

Dt.			**Krediteurekontrole B8**				**Kt.**
2023 Aug 31	Diverse aankope	KJ	21 844	2023 Aug 31	Saldo	a/b	26 928
	Diverse terugsendings	KKJ	2 109		Bank & Afslag	KBJ	13 600
	Joernaalkrediete	AJ	325		Joernaaldebiete	AJ	120
					Saldo	a/d	13 670
			24 278				**40 648**
2023 Aug 31	Saldo	b/d	13 370				

GEVRA:

Korrigeer die teenstrydighede in die krediteurekontrolerekening in die ANTWOORDBOEK. (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou